# DIE SKIETLOOD

233e Uitgawe 13 Desember 2024

saam met Koersvas 233

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

## DIE EERSTE DEEL: DIE ELLENDE VAN DIE MENS (SONDAG 2-4)

## SONDAG 3

***Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?***

***Antwoord: Nee, God het die mens goed** (Genesis 1: 31) **en na sy ewebeeld geskep** (Genesis 1: 26, 27)**. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys** (Efesiërs 4: 24; Kolossense 3: 10; 2 Korintiërs 3: 18)**.***

**Kommentaar**

<u>Vraag</u>**:** Sodra ons tot die gevolgtrekking gekom het dat die mens sondig en ellendig is, is die volgende vraag na die oorsprong van hierdie toestand. Was die mens maar altyd so? Het God die mens in daardie toestand ingeskep? Indien nie, waar het hierdie verlorenheid sy oorsprong? Die kontras tussen oorspronklike skepping en gevalle situasie moet nou ondersoek word. Die kontras tussen die mens wat God geskep het en die mens wat bestaan, moet AANGEDUI WORD OP SO 'N WYSE DAT DIE SKULD NIE OP God geplaas word nie, en dat die mens sy totale verlorenheid sal erken. Hierdie eenvoudige vraag lei die gesprek in oor die kontras tussen skepping en huidige toestand van die mens. Anders gestel; reeds in die vraag word die moontlike kontras tussen huidige en geskape werklikheid uitgelig. Wie se skuld is hierdie ellendige situasie van die mens?

<u>Antwoord:</u> Hoe het God die mens geskep en met watter doel is die mens geskep? Die feit dat God die mens goed geskep het, is van groot belang; dit maak dit duidelik dat God nie die outeur of oorsprong van die sonde en ons gevolglike ellende is nie. Daarmee saam moet ons die radikale aard van die sondeval raaksien; die heerlikheid van kroon van die skepping wees na die ellendige bestaan van totale verlorenheid. Paradys geskape, paradys verlore – ons word opgeroep om die saak in ere te herstel. Ons kan dit nie doen nie en tog kan ons met verlange kennis neem van die goeie skepsel wat die mens oorspronklik was.

Die mens is van skepping af reeds 'n randfiguur. Geskep as kroon van die skepping, maar gemaak uit die stof van die aarde. Uit die grond uit – 'Adam' beteken rooigrond. God self het die lewensasem in die mens ingeblaas en die mens lewende wese gemaak. Gemaak uit stof, lewe gegee deur Goddelike asem. Potensiaal om die ewigheid saam met God te spandeer, met die donker moontlikheid van vasgevang word in die verganklikheid van die stof. Ewigheid in geregtigheid of sterflikheid in sondeval.

Die mens het egter ook 'n troefkaart ontvang; die mens is na die beeld van God geskep. Alvorens die betekenis van hierdie stelling in diepte ondersoek word, gaan ons een oomblik stilstaan by die doel van die skepping van die mens.

Die Kategismus laat nie ruimte vir twyfel oor die doel van die skepping van die kroon van God se handewerk nie; "*sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys*."

Die hoofrede kom duidelik na vore; die mens kry die geleentheid om God te loof en te eer. God het engele en mense – rasionele wesens – geskep met die doel dat hierdie rasionele wesens God se heerlikheid kan raaksien, herken, ken, erken en God eer. Die mens is tot eer van God geskep.

Die vraag sou kon wees; maar eer en loof die hele skepping nie die Here nie? Die hele skepping is reflektief besig om God te eer. Aktiewe, betekenisvolle verering pas in by rasionele wesens. Ons as rasionele wesens sien raak dat die skepping God eer. Die mens sien in die skepping die wysheid, mag en goedheid van die Skepper raak. Ons sien die kunswerke van Sy hande en besef primêr dat ons Hom moet eer, en sekondêr besef ons die skepping loof Hom; Psalm 89:6 "*Die hemel loof u wondermag, Here, die hemelinge loof u trou,"* Psalm 103:6 "*Almal wat deur Hom geskep is, loof die Here op al die plekke waar Hy heers! Ek wil die Here loof!"* Vele ander voorbeelde kan aangehaal word.

Die volgende uitgawe word gewy aan die mens as beelddraer van God.